# UIT DIE HOOF SE PEN

- Baie geluk aan al ons atlete wat deelgeneem het aan ons Interskole atletiek. Die atlete sal volgende week bekend gemaak word wie ons gaan verteenwoordig op Saterdag, 16 Februarie by die Distrik Kampioenskappe.
- Gister is briewe i.v.m. Valentynsdag uitgedeel. Valentynsdag sal op Donderdag, 14 Februarie plaasvind. Leerders moet asb probeer om ; iets pienk, swart , wit of rooi aan te trek. Leerders kan hul R5 vir die gewone klere inbetaal by hul klasonderwyser vanaf Donderdag.
- Ons versoek ons ouers Vriendelike wat hulle kinders by die skool op/af laai om die padreëls te gehoorsaam. Parkeer aan die regte kant van die pad.
- Graad 4-6 leerders het handboeke ontvang. Ouers is verantwoordelik om te verseker dat die boeke ALTYD in 'n goeie toestand is en dat die skooltasse van goeie gehalte is om die boeke te beskerm.
- Maak asseblief seker dat die voorblad in u kind se dagboekie ingevul is met die nodige noodnommers. Maak asseblief seker u lees u kind se dagboekie gereeld en teken die relevante bladsye.
- Sommige van die skooldrag bestellings is reeds ontvang en binnekort behoort al die Fleurtjie die regte skooldrag te hê. Maak asseblief seker dat u dogter die regte haarbykomstighede dra – vloot blou.
- Grondlynassessering is aan die begin van die kwartaal in tale en wiskunde afgelê en sekere leerders is geïdentifiseer om addisionele ondersteuning te ontvang. Ouers is reeds per brief in kennis gestel. Betrokke ouers word versoek om die nodige reëlings (vervoer) te tref om voorsiening te maak dat u kind hierdie addisionele klasse bywoon.
- Ouers word versoek om nie hul kinders tydens onderrigtyd te besoek nie weens veiligheidsredes. Indien u graag die onderwyser wil spreek maak 'n afspraak by die kantoor. Indien u enige item aan u kind wil oorhandig word u ook versoek om dit by die kantoordames te laat. Dit skakel onnodige ontwrigting uit. Dankie vir u samewerking.

**SKOOLDRAG**

- **As gevolg van die gebrek aan skooldrag voorraad sal leerders toegelaat word om tydelike denim/vlootbou kortbroek te dra.**

**SPORT – RUGBY OEFENING (Dinsdae en Donderdae)**

o/13 rugbyoefening direk na skool – 13:40.
o/11 rugbyoefening begin om 15:00.

**SKAAK** – OFENING:

Skaak oefening begin 6 Februarie 2013. Oefentye is 13:45 – 14:45 (Woensdae in kamer 63.

# PROGRAM VIR DIE WEEK

| | | |
|---|---|---|
| **WOENSDAG 06 FEBRUARIE** | 07:15 – 07:30<br>13:45 – 14:45<br>13:30 – 17:30 | Personeelvergadering<br>Skaakoefening<br>Klerewinkel oop |
| **DONDERDAG 07 FEBRUARIE** | <br>07:15 – 07:30<br>13:30 – 17:30<br>13:40 – 15:00 | **Graad 7 – Toets: Afrikaans**<br>Personeelvergadering<br>Klerewinkel oop<br>Rugbyoefening |
| **VRYDAG 08 FEBRUARIE** | 07:00 | Bestuursvergadering |
| **MAANDAG 11 FEBRUARIE** | 07:15 – 07:30<br>13:30 – 17:30 | Personeelvergadering<br>Klerewinkel oop |
| **DINSDAG 12 FEBRUARIE** | <br>07:15 – 07:30<br>13:30 – 17:30<br>13:40 – 15:00 | **Graad 7 – Toets: Engels**<br>Personeelvergadering<br>Klerewinkel oop<br>Rugbyoefening |
| **WOENSDAG 13 FEBRUARIE** | 07:15 – 07:30<br>13:45 – 14:45<br>13:30 – 17:30 | Personeelvergadering<br>Skaakoefening<br>Klerewinkel oop |

**AKADEMIE:**

**AFBAKENING: GRAAD 7 – AFRIKAANS HUISTAAL & EERSTE ADDISIONELE TAAL – 07 FEBRUARIE 2013**

- **Meervoude en verkleiningsvorm**
- **Trappe van vergelyking**
- **Intensiewe vorm**
- **Idiome**
- **Afkortings**
- **Lettergrepe**
- **Leestekens**
- **Sinsbou**

**GRAAD 7 – ENGELS HUISTAAL TAAL: 12 FEBRUARIE 2013**

Comprehension A Dialogue
Collective Nouns Poem

**GRAAD 7 – ENGELS HUISTAAL & EERSTE ADDISIONELE TAAL 12 FEBRUARIE 2013**

Poem Changing Statements to Questions
Matching Negative Form
Completing Sentences Verbs

**GRAAD 7 – LEWENSORIËNTERING: 14 FEBRUARIE 2013**

MIV en VIGS: Die feite oor MIV en VIGS
Voedingstowwe: Die ses verskillende soorte voedingstowwe
Voedingstowwe: Voedselpiramide

**KLEREWINKEL**

**Ons is nou op die hoek van CANTONMENT EN SELBOURNE LAAN in Lyttelton. Let asseblief daarop dat u 'n bestelling moet plaas vir skooldrag by die klerewinkel**

**Besigheidsure:**

| | | |
|---|---|---|
| **Maandae** | **=** | **13:30 – 17:30** |
| **Dinsdae** | **=** | **13:30 – 17:30** |
| **Woensdae** | **=** | **13:30 – 17:30** |
| **Donderdae** | **=** | **13:30 – 17:30** |

**Vir enige navrae skakel asb vir Berthie by 073 147 5705.**

**BEHEERLIGGAAM:**

Sub-komitees sal gevorm word vir die verskillende portefeuljes op die SBL en as daar ouers wat belangstel om deel te wees van hierdie sub-komitees, voltooi asseblief die aangehegte antwoordstrokie of e-pos my by pennydekock@vodamail.co.za met Fleur Sub-komitee in die onderwerp reël. Sub-komitees is: Beleide, Dissipline, Gebou en Gronde, Sport en Kultuur, Ouer sake, Finansies, Bemarking, Fondsinsameling en Personeel sake.

'n Uniform Komitee is gestig en enige ouers wat wil betrokke wees hierby voltooi asseblief die antwoord-strokie of stuur 'n e-pos aan my : pennydekock@vodamail.co.za. Fleur Uniform Komitee in die onderwerp reël. As ouers wil deel wees van hierdie komitee stuur asseblief u kontakbesonderhede dringend. Daar gaan vroeg volgende week 'n vergadering wees.

>>>>>>>>>>>>>>>>>>>>>>>>>>>>>>>>>>>>>>>>>>>>>>>>>>>>>>>>>>>>>>>>>>

**Antwoordstrokie:**

Naam en Van:_______________________________________________

Kontak No: ________________________________________________

E-pos address: _____________________________________________

Uniform Komitee: JA ____ NEE____

Ander: JA ______ NEE_______

**SKEURSTROKIE – NUUSBRIEF 05/2013**

Ek, ouer van___________________________________ in Gr._____ erken ontvangs van bogenoemde nuusbrief en neem kennis van die inligting wat dit bevat.

Ouer Handtekening:___________________Datum:_________________

# NUUSBRIEF 05/2013 06 FEBRUARIE 2013

DIE LAERSKOOL FLEUR

BLAAS HOOG DIE VLAM

| **SKOOL BESONDERHEDE** | | | |
|---|---|---|---|
| **TELEFOON** | (012) 664 - 5796/7 | **FAKS:** | (012) 664 - 6189 |
| **E-POS** | fleur@lsfleur.co.za | **WEBADRES** | www.lsfleur.yolasite.com |
| Hans Strydom Laan 236, Lyttelton | | Posbus 22022, Lyttelton - 0140 | |

| **SKOOLTYE VIR 2013: GRAAD R -7** | |
|---|---|
| **MAANDAE - VRYDAE** | Begin - 07:30 en Sluit - 13:40 |
| **NASKOOLTYE VIR 2013** | |
| **MAANDAE - VRYDAE** | Begin – 13:40 en Sluit – 17:30 |

| **FINANSIES : E-POS ADRESSE** | | | |
|---|---|---|---|
| **GRAAD: 1 - 7** | accounts@lsfleur.co.za | **GRAAD R & NASKOOL** | debbie@lsfleur.co.za |

| **SKOOL BANKBESONDERHEDE** | |
|---|---|
| LAERSKOOL FLEUR<br>ABSA – LYTTELTON<br>KODE: 335 045 | |
| **GRAAD: 1 – 7 - Rekeningnommer:**<br>06 00 28 00 23 | **GRAAD R – Rekeningnommer:**<br>40 77 06 95 86 |
| **NASKOOL: Rekeningnommer:**<br>40 77 06 96 33 | **ANDER:**<br>**Kontak finansies kantoor** |